REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

In die gejaagde lewe waarin ons vandag leef, word die aandag en tyd wat ons aan God spandeer baie gou afgeskeep. Dit kom 'n mens van dag tot dag agter wanneer ons besef dat ons al weer gesondig en God na die agtergrond geskuif het. Dit laat 'n mens dan (hopelik) sleg voel en berou hê daaroor. God vra van ons dat ons dit wat Hy vir ons gee weer vir Hom terug sal gee. Dit kan gesien word in terme van liefde, geloof, finansieel, en materieel. God vra nooit meer as wat Hy vir ons gee nie. Maar God is wel 'n jaloerse God en vra dat ons in Hom alleen sal glo, Hom liefhê, en ons lewe aan Hom sal wy. God se genade en liefde vir ons is so groot. Hy het Sy eniggebore Seun aan die dood vir ons afgestaan en vergewe elke dag weer ons sondes. Is dit nie genoeg rede om ons vertroue alleen op Hom te stel, vir Hom dankbaar te wees en alles wat Hy vir ons gegee het vir Hom terug te gee nie?

Hierdie uitgawe is propvol artikels wat julle aan die dink sal sit en bespreking sal uitlok. Geniet hierdie uitgawe en moenie skroom om idees te gee of kritiek te lewer nie.

Kaapse redaksie,
Adriaan

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis 3
Oppad 3
Die 2de wet van termodinamika 3
"Gereformeerd" of "Evangelies" 5
Die Jehova-getuies 7
Belydenis van geloof 9
Voel jy ook so? 10
Fundamentalis? 10
Die internet: vriend of vyand? 12
Voetspore 13
Deur die sleutelgat 14
Nog iets 15
The Emperor's seed 15

Uit die Woord

Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis

Spreuke 1:7. Om kennis te verkry, moet ons êrens begin. 'n Sesjarige kind kan nie die laerskool oorslaan en sommer universiteit toe gaan nie. 'n Vakleerling kan nie die eerste dag al 'n huis bou nie.
Alle begin is moeilik, omdat elke begin jou voor 'n onbekende situasie stel. In alles wat 'n mens vir die eerste keer doen, vir die eerste keer beleef of geniet, is daar iets verrukliks omdat dit nuut is, en 'n huiwering omdat die onbekend is. Uiteraard hou elke begin iets misterieus in wat ons tegelykertyd aantrek en laat huiwer. Dit trek ons aan omdat ons ontdekkingsreisigers in die oerwoud van die lewe is; dit laat ons huiwer omdat dit gevare en risiko's meebring.

Die begin is so belangrik. Hoe begin 'n mens en waar begin jy? Geen wonder dat die spreekwoord sê: Goed begin is half gewin. Dit is waar van allerlei mindere sake in ons lewe, maar veral van ons lewe in geheel. Wat is ons beginpunt, wat is ons uitgangspunt? Wie in die begin alreeds 'n verkeerde weg inslaan, kan wel so moedig en bekwaam, so sportief en wetenskaplik voortgaan dat dit baie mense aangryp en veel daaruit te leer is. Maar dit neem die groot taktiek weg dat dit 'n verkeerde rigting is wat uiteindelik, ondanks die skynbare welslae, die moedige, bekwame, sportiewe en wetenskaplike daarin, op 'n mislukking afstuur.

En nou moet ons weet dat daar vir ons net een begin is. Die vrees van die Here. Ons het gesien dat die wêreld 'n begin gehad het en ook die Woord het 'n "begin" gehad (wat in werklikheid geen begin is nie!). En wat is nou ons begin? Die vrees van die Here. Dit beteken nie dat ons vir God bang moet wees omdat Hy 'n onberekenbare en hardvogtige tiran is van wie se optrede ons nooit seker kan wees nie. Die naam Here beteken juis dat ons weet wat ons God vir ons beteken. Hy is die Getroue, die Vertroubare, in Christus die troue VerbondsGod. Hy bedoel elke woord wat Hy sê. Hy maak altyd sy woorde waar, sowel die wet as die evangelie.

En as God nie met sy woorde (sy eise en sy beloftes) speel nie, pas dit ons waarlik om ook nie daarmee te speel nie.

Die begin van alle Kennis en Wysheid is dan om God se Woord ernstig op te neem. Die dwaas handel asof God nie bestaan nie. Die wyse begin deur in elke beslissing en reaksie met God rekening te hou. Wie God as God respekteer, begin goed. Wie homself uiteindelik vasloop en in 'n doodloopstraat beland, het verkeerd begin, naamlik by homself en nie by die Here nie.

Laat ons dan altyd by die Here ons kennis en wysheid gaan soek, om só te keer dat ons onsself vasloop of in 'n doodloopstraat beland. God alleen is die Kennis en die ware Wysheid.

(Oorgeneem uit "Ons Wapenrusting", April 1996)

Oppad

Die 2de wet van termodinamika

Hilko Lubbinge

Wat is die 2de wet van termodinamika?: kan ek jou reeds hoor sê.
En wat het dit met gereformeerd wees te doen?

Die 2de wet van termodinamika is een van die mees fundamentele wette in die hele wetenskap. Die wet kan populêr soos volg gestel word:

Enigiets het die neiging om van 'n toestand van orde oor te gaan na 'n toestand van wanorde!

Dit klink nogal wetenskaplik en ingewikkeld. Ja, dit is wetenskaplik, maar glad nie so ingewikkeld nie. Ons beleef dit elke dag, sonder om bewustelik so daaraan te dink. Kom ek illustreer dit met 'n paar voorbeelde:

- 'n Nuwe huis word gebou maar oor baie jare trek daar niemand in nie. Na die jare raak die verf verweer en algemene agteruitgang is duidelik sigbaar. Hoe kan dit? Daar was dan geen mense wat die huis gebruik het nie? 'n Mens sou kon sê die son verbleik die verf buitekant. Maar ook binne vind dieselde agteruitgang plaas. Na 'n 100 jaar lyk die nuwe huis ook na 'n ou huis, ook al is dit nooit gebruik nie.
- Jy koop 'n nuwe motorkar. Jy gebruik hom egter nooit nie. Dieselfde gebeur. Met die jare word hierdie motor ook oud en verweer.

Wat sê dit vir ons! Julle ken almal die gesegde: STILSTAND IS AGTERUITGANG. Ons moet gedurig onderhoud doen aan huise, motors ens. Daar moet geverf, geolie ens. word. Dit is wat die 2de wet van termodinamika vir ons in wetenskaplike terme sê.

Ons kan dit ook anders sê: Ons haal grondstowwe uit die aarde; gebruik baie energie om dit te omvorm na een of ander produk; dan gebruik ons dit om bv. 'n huis of 'n motor te bou. Maar onmiddellik begin die proses van afbraak. Die boustowwe neig weer terug na die oorspronklike vorm waarin ons hulle uit die aarde gehaal het.

Om 'n huis dus in 'n leefbare toestand te hou, en 'n motor aan die gang te hou, moet ons steeds 'energie inpomp'. Ons moet steeds verf, arbeid verrig om die huis en motor aan die gang te hou.

Kom ons pas dit nou verder toe in ons lewens. Wat dink julle gebeur met 'n organisasie, besigheid, kerk, huwelik, verhouding, ens? Wat gebeur as ons dink ons hoef niks daaraan te doen nie, d.w.s. as dit eenmaal loop sal dit so bly loop? Ek dink ons weet elkeen wat sal gebeur. Tog tree ons gereeld so anders op.

Hoekom sug ons omdat dit soveel moeite verg om die besigheid, kerk, huwelik aan die gang te hou?

- Wat die besigheid/werk betref is dit vir ons meer verstaanbaar. Daar is mos die vloek op ons arbeid na die sondeval. Maar tog, 'n mens wens dit kon makliker gaan. By die werk het ons bv. elke jaar 'n bosberaad. Van die mense het gesê: "Dit is sommer tydmors. Elke jaar kom daar nie veel van al die besluite nie." In 'n sekere sin is hulle reg. Maar elke jaar is die bosberaad 'n hupstootjie, waardeur die neerdalende effek van die jaar hopelik gekanselleer word.
- Wat die kerk betref is die moeite en werk wat dit verg vir ons nie so verstaanbaar nie. 'n Mens hoor die klag. Hier by ons is daar altyd moeites in die kerk. Hoekom kan ons nie ook rus kry soos in baie ander kerke nie?
  Dink ons dat die 2de wet van termodinamika nie op die kerk van toepassing is nie? As ons nie konstant aan die instandhouding van die kerk (geestelik veral) werk nie, sak ons weg in 'n salige rus.
  'n Predikant het eenkeer gesê hy hou baie van skottelgoed was. Jy sien onmiddellik resultate. 'n Predikant werk nie vir onmiddellike resultate nie. Hoekom moet ons elke week, elke jaar, weer dieselfde Evangelie hoor? Om die effek van die 2de wet van termodinamika teen te hou! Om ons sondige geneigdheid, om steeds weer afdraande te gaan, teen te hou.
- Wat ons huwelike betref is ons almal geneig om absoluut naïef te wees. Die liefde dra mos die huwelik! Vanselfsprekend aanvaar ons dit. Veral as ons jonk is en 'n verhouding het wat na 'n huwelik toe gaan. Hoe groot is die skok as die liefde taan. Die liefde en die huwelik blyk ook onderhewig te wees aan die 2de wet van termodinamika. Moet daarom nie verbaas wees as dit baie werk verg om die liefde en die huwelik in stand te hou nie. Ja beplan die werk aan julle huwelik net soos julle beplan aan julle daaglikse werk.

Julle sal self aan meer voorbeelde kan dink. Hou altyd hierdie vloek van die sonde in heel die lewe in gedagte wanneer julle gebuk gaan onder die sweet van julle aanskyn.

(Word vervolg)

"Gereformeerd" of "Evangelies"

Pauline Seijdlitz

Die prediking van die Reformasie kan met reg as "evangelies" getipeer word. Luther het homself ook "evangelies" genoem. Hiermee word bedoel dat die kerke van die Reformasie teruggekeer het na die Skrif en die suiwere apostoliese prediking. 'n Mens sou dus "gereformeerd" en "evangelies" as sinonieme kon beskou.



Gedurende die eeue ná die Reformasie is hierdie saak egter geproblematiseer deur 'n verskeidenheid faktore. Tewens, reeds gedurende die 16de eeu het kontra-reformatoriese groepe soos die wederdopers ook hulself "evangelies" genoem. Gedurende die 17de eeu sien 'n mens in die Nederlandse Arminianisme dieselfde neiging.

Die Arminianisme het egter sy wortels in die vyfde eeuse Pelagianisme en latere Semi-Pelagianisme wat die mens se redding toeskryf aan sy vrye wilskeuse. Hiervolgens word die mens gered deur met God saam te werk: God doen Sy deel en die mens syne. Dit is interessant om te let op die verbindingslyn tussen die Arminianisme en die 18de eeuse Amerikaanse opwekkingsbewegings en die Engelse Metodisme. John Wesley was immers 'n uitgesproke Arminiaan. Die Metodisme het sy pad na Amerika gevind en gestalte gevind in die herlewingsteologie en opwekkingsbewegings. In dit alles staan die vrome individu - en sy ervaring van die heil - sentraal. Hierdie ingewikkelde kerkhistoriese ontwikkeling is gaandeweg getipeer as "evangelies" en kan nie verbind word aan 'n spesifieke kerk nie. Dit moet eerder gesien word as 'n teologiese denkmodel wat steeds invloed het in verskeie kerke – ook in kerke van gereformeerde belydenis. Die invloed is so subtiel dat die "evangeliese teologie" soms verkeerdelik aangesien word vir trou aan die gereformeerde belydenis. Hierdie verwarring spruit sekerlik voort uit onbedoelde onkunde.

Die bedoeling van hierdie artikel is om 'n paar van die wesenlike verskille tussen die "evangeliese rigting" en die gereformeerde belydenis (wat met die Skrif ooreenstem) aan te dui. Om dit makliker te maak word die tipiese verskille langs mekaar geplaas:

Gereformeerd	**Evangelies**
1. Die individu se lewe met die Here begin by die Here se keuse vir hom/haar.	1. Die individu se lewe met die Here begin by sy keuse vir die Here.
2. Agter die mens se geloofskeuse lê God se keuse vir hom/haar.	2. Agter die mens se geloofskeuse lê die mens se eie vrye wil om self te kies.
3. Die gelowige lewe vanuit die Here se vrye genade.	3. Die gelowige lewe vanuit eie vroomheid.
4. Nie die gelowige staan sentraal nie, maar die belowende God met Sy toegesegde beloftewoord.	4. Die vrome gelowige, as individu, staan sentraal.
5. Christus het gesterf om dié mense wat die Vader van alle ewigheid af aan Hom gegee het, daadwerklik met die Vader te versoen. Sodoende het Hy hulle verlossing voltooi op Golgota. Hy laat dit 'n werklikheid word in die lewens van diegene wie Hy versoen het d.m.v. die Woord en Gees waardeur Hy die geloof skep waarmee hulle die versoening ontvang.	5. Christus het vir alle mense gesterf om die *moontlikheid* vir verlossing vir almal oop te maak. Dit hang verder af wie dit kies en aanneem. Wie dit kies, laat self die verlossing in sy/haar lewe realiseer.

6. Die kerk is die volk van die Verbond wat die Here self versamel in die eenheid van die ware geloof. Die fokus lê nie in gelykgesindheid nie, maar gemeenskaplik verbondenheid aan die een ware geloof. Talle is nog nie hiertoe in staat nie, bv. suigelinge, maar hulle word steeds tot die kerk, as "volk" gereken.	6. 'n Geringe waardering vir die kerk. Hier is eerder sig vir die kerk as "denominasie": 'n klub vir gelykgesinde bekeerde individue.
7. As volk van die verbond, bestaan die kerk kragtens God se roeping en Sy verbintenis aan die kerk. Almal aan wie Hy Hom verbind het nog nie tot geloof gekom nie. Selfs aan klein kinders het Hy Hom verbind. Die kerk leef nie uit volmaaktheid nie, maar uit genade. Dit is van kardinale belang wat presies geglo en bely word. Eenheid is slegs moontlik in die Waarheid. Geen algemene kerkeenheid is moontlik nie. Ware eenheid is slegs moontlik in die Waarheid van die ware belydenis.	7. Die kerkbegrip word geweldig verskraal. Alles draai om die enkeling en sy heil. Kerkgrense word gerelativeer. Almal dien mos maar dieselfde God. Daarom die drang om kerke bymekaar te bring. Dit is van mindere belang wat presies geglo en bely word. Grense moet afgeskaf word. Almal wat die ervaring van verlossing ken, hoort mos bymekaar.
8. Die Verbond staan sentraal omdat God self die inisiatief neem in Sy verhouding met Sy kerk.	8. Die Verbond is betekenisloos of funksioneer slegs nomineel.
9. Die doop is die uitroepteken agter God se belofte. Hierdie belofte kom ook die kinders van gelowiges toe.	9. Die volwasse "geloofsdoop" is die uitroepteken agter die individu se geloofskeuse. Die kinderdoop het weinig waarde.
10. Wat voorop staan is wat die Here aan Sy gemeente in Sy Woord toesê.	10. Wat voorop staan is wat die individu van die geloof ervaar.
11. Die geloofslewe ken ook trane, hartseer en mislukkings. Die geloofslewe is 'n sukses sterwe van die ou mens, die lomp voetjies van die nuwe mens.	11. Geloofsblydskap moet daagliks sigbaar wees. Terwyl die gelowige stik aan Ewigdurende opgewektheid, loop hy reeds met verhaal – 'n onrealistiese stuk triomfalisme.
12. Die sing van Psalms verkry voorkeur bo die opwekkingslied omdat dit vanuit die Skrif die geloofslewe van die gelowige veel meer ewewigtig beskryf.	12. Die vrye opwekkingslied verkry voorkeur bo die Psalms. Dit gaan oor die *ervaring* van "lekker" sing.
13. Die volle skopus van die Skrif kom in sig. Die volle Raad van God word aan die gemeente uitgelê, veral ook aan die hand van die werk van die Gees en belydenisgeskrifte.	13. Die boodskap van die Skrif word versmal tot sekere lieflingstemas soos bv. die wedergeboorte, die wederkoms, die heiligmaking, ensovoorts.
14. Sig op die Woord: Die fokus draai weg van die ervaring en belewenis van die individu na die Woord toe. Die werk van die Gees in/deur die Woord staan bó die werk van die Gees in die mens se hart. Die verhaal van God se groot dade in Christus staan bó die bekeringsverhaal van die mens.	14. Sig op die Woord: Biblisisme: vir alles moet daar 'n spesifieke teks wees. Die fokus verskuif weg van die Woord na die subjektiewe vrome hart. Daar word gefokus op die werk van die Gees in die mens se hart pleks van te fokus op die werk van die Gees in/deur die Woord. Die mens se bekeringsverhaal staan sentraal.
15. Vir geloofsekerheid word die mens verwys na die vaste belofte van die Woord en nie na sy eie hart en ervaring nie. Nie die geloof op sigself staan voorop nie, maar die Woord waarin die geloof sy vastigheid mag vind. Geloofsgroei vind nie reglynig plaas nie. Dit gaan gepaard met stryd en skommeling.	15. Die gelowige word altyd weer teruggewerp op hom/haarself vir sekerheid en nie op die belofte van die Here nie. Die mens moet in sy eie hart en in die egtheid van sy ervaring die vastigheid vind. Daarby vind geloofsgroei met sukses plaas.

16. God se vrye genade maak die mens se keuse moontlik. Geloof is 'n genadegawe kragtens die verkiesing en verbond. Die méns is nie die beslissende faktor in die heil nie, maar die lewende God. Genade is nie slegs 'n algemene hulp aan alle mense wat hulle in staat stel om te kies nie. Genade wek die verlore mens daadwerklik op uit die dood en stort die geloof uit sodat die mens tot geloof kan kom.	16. Die mens se keuse word ten diepste nie gedra deur God se verbond en verkiesing nie. Geloof is nie 'n genadegawe uit die krag van die verkiesing nie. Die mens word die smid van sy eie heil. Genade *help* slegs die mens, maar dit hang ten diepste af van die vraag of die mens *wil* saamwerk of nie!
17. Opsommend is die vraag: Hoe kom *God* tot die *mens*? Die Skrif antwoord hierdie vraag duidelik. God kom skenk Sy heilsbelofte aan gelowiges en hulle kinders sonder om eers vooraf waardigheid in die mens te soek. Hy skenk dit uit vrye guns aan die onverdienstelike mens. Die sakramente is die sigbare waarborg van hierdie toesegging van Sy guns waarin Hy Homself skenk. Dit wat BELOOF is, roep om GELOOF. Dit moet omhels word. Die mens hoef nie aan allerlei voorwaardes te voldoen alvorens die belofte aangeneem word nie. Deur die Woord skep die Gees die geloof en daarom kom die mens tot geloof en bekering.	17. Opsommend is die vraag: Hoe kom die *mens* tot *God*. Die antwoord: Die mens kies uit vrye wil.

Van: Vox Viva deur: Dr. Chris Saayman (www.voxviva.dominee.co.za)

Die Jehova-getuies

Hendriët Pouwels

Oorsprong

Die Jehova-Getuies se stigter was die seun van Presbiteriaanse ouers. Charles Taze Russel het egter as jongman met die Adventiste in aanraking gekom.

Van 1870-1875 is hy deel van 'n Bybelstudiegroep, waar hulle veral worstel met die saak van Christus se Wederkoms.

In 1876 maak hy kennis met die Adventis Barbour, en in 1877 gee hy sy eerste boek, Three Worlds and The Harvest of This World, uit. Hierin beweer hy dat die Adventiste se voorspelling van Christus se wederkoms in 1873/74 korrek was, maar dat Hy onsigbaar gekom het. Hyself voorspel dan dat Christus se wederkoms vir die volgende geslag in 1914 sal kom. Maar in plaas van 'n Ewige Vrederyk, breek die eerste Wêreldoorlog uit!

In 1881 stig hy die Wagtoring-gemeenskap. Hulle lyfblad staan nog tot vandag toe bekend as Die Wagtoring.

Ons kan sien dat Russel die organisasie nie by wyse van 'n ingryping van God gestig het nie, en dat hyself wyser as die Heiland wil wees deur die terugkoms te voorspel. Hy oortree dit wat Jesus ons in Markus 13:32 leer: "Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie...maar net die Vader".

Optrede

Die Jehova-Getuies glo dat al hulle lede predikers is. Geeneen van hulle het teologiese opleiding nie, en hulle het ook geen kerke nie. Die predikers gaan van huis tot huis om só hulle literatuur - goedkoop boekies en pamflette - te versprei. Hulle sal by mense in die huis kom sit om "Bybelstudie" te doen, en dan so hul dwaalleer versprei. Ook sal hul leiers deur luidsprekers op straat hul leer verkondig, anders as wat óns byvoorbeeld in sale of kerke bymekaar sal kom.

Leer

Die Jehova-Getuies beskou die kerke (Protestants en Roomskatoliek) as Babilon en organisasies van die Satan. Hulle glo dat die kerkstelsel deel is van die Antichris, en verwerp predikante as verleiers en aanbidders van Satan. In hul leer verwerp hulle die grondwaarhede van ons geloof.

- Hulle glo nie in die Drie-Eenheid van God nie. Jehova (JAHWE) is vir hulle net een Persoon en Goddelike Wese. Die grootste rede hiervoor is omdat hulle die Drie-Eenheid nie kan verstaan nie. Hulle sien die Seun nie as God nie. En die Heilige Gees sien hulle eerder as 'n krag, 'n invloed of gees.

- Ook verwerp hulle Christus se Godheid. Hulle beweer dat Migael in 'n mens verander het ("Christus"), en dat hy, nadat sy taak op aarde volbring was, in 'n geestelike wese oorgegaan het. Ons, daarenteen, bely saam met die kerk van alle eeue dat Christus God en Mens tegerlykertyd was, twee nature in een Persoon. Hy is nie geskape nie. Paulus spreek ook van Christus "wat in die gestalte van God was" (Fil. 2:6).

- Hulle verwerp ook die onsterflikheid van die siel. Hulle gaan uit van die grondstelling dat 'n mens 'n siel is en dat die dood 'n einde aan alles bring. Hulle staaf hierdie stelling met Pred. 3:19 en Rom. 6:23. Rutherford het ook gesê: "As die asem van die liggaam afskei, bestaan die siel nie meer nie". En ook: "Die denkbeeld van onsterflike siele kom van die Satan".

- Ook loën hulle die Ewige Straf. Hulle glo alle mense hou op bestaan by hulle dood. Met Christus se wederkoms sal almal 'n tweede kans kry om Sy Woord aan te neem. Dié wat dit aanneem sal onsterflikheid as beloning ontvang, hoewel die wat nog weier vir ewig uitgeblus sal word, tot selfs hul gedagtenis. Die gelykenis van Lasarus en die ryk man wys ons egter dat daar geen terugkeer na die dood is nie, selfs nie die bitterste spyt nie. (Luk. 16:24-26).

Bronne:
Dr. Jac.J. Müller, *Die vernaamste sektes in ons land.*
Ds. H.C.J. Flemming, *Sektedwalings.*
Dr. H.G Stoker, *Die Jehova-Getiues: 'n Onchristelike Kulte?*

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

Calvyn (II)

"Waar ons ook al vind dat die Woord van God suiwer gespreek en gehoor word, en die sakramente volgens die instelling deur Christus bedien word, daar is sonder twyfel 'n kerk van God"
- Johannes Calvyn in *Die Institusie van die Christelike Geloof.*

Dit was nie net in die tyd van die groot Hervorming 'n belangrike kwessie nie, maar vandag ook. Dit bly altyd baie belangrik, want God se liefdesbetoning aan sy bruid, die kerk, mag nie verdraai word nie. Om hierdie rede het Calvyn die kwessie en baie ander kwessies wat betrekking het op die Christelike geloof, gekonstateer in boekvorm.

Johannes Calvyn het die Institusie geskryf nadat hy gevlug het uit Parys, soos in die vorige uitgawe vertel is. Hy het dit gedoen in die dorpie Basel, waar hy in rus en vrede kon studeer. Die Institusie was 'n formulering van sy teologie, maar terselfdertyd ook 'n verdediging van die Hervorming. Hy het die eerste uitgawe (1536) gerig aan die koning van Frankryk, Frans I.

Die Franse koning was nie baie beïndruk nie. Hy het dadelik die boek verbrand en opdrag gegee dat die skrywer gevind en veroordeel moet word. Die vervolging van die protestante het nog meer intens as ooit bly voortduur.

Intussen bly Calvyn nie stilsit in die veilige Basel nie. Hy bly rondswerf om die werk van die Here te doen. Ook die Institusie word deur baie gelees en die Here werk ook daardeur. Toe Calvyn weer 'n keer oppad terug is na Basel om in rus en vrede te gaan studeer, praat Guillaume Farel, hervormer van Genève, hom om. Hy moet kom help om die Hervorming in die Switserse stadjie te kom vestig.

In dié stad het mense baie losbandig geleef. Van die Roomse biskop tot die verkoper op straat. Daar was natuurlik ook die vrysinnige Libertyne wat skaamteloos skandes bly bedrywe het. Die Roomse geestelikes het dan ook die hervormings-predikers met alles in hul vermoë bly beveg en die Libertyne wou ook nie na vermanings luister nie. Stadig maar seker het die Hervorming ook begin vorm aanneem in die stad, hoewel daar voortdurend teenstand was. Uiteindelik het die stad 'n hervormde regering gekry, en kon die predikers vry hul werk doen.

Met Calvyn se hulp in die stadjie, kon hulle reëls neerlê en die kerklike tug toepas. Dit het egter nie sonder teenspoed verloop nie. Met 'n nuwe verkiesing word die regering weer Rooms en word Calvyn en Farel uit Genève verban.

Die Hervorming is egter nie verlore nie en God, die almagtige Skepper, het 'n doel met elke gebeurtenis, al kan ons menslike verstand dit nie altyd insien nie.

Belydenis van geloof

Olga van der Hout

In ons Gereformeerde Kerke is dit gebruiklik dat dooplidmate in die openbaar, in die erediens, belydenis van hul geloof aflê. Die formulier vir die Aflegging van Belydenis van Geloof word hiervoor gebruik. Die doen van belydenis is 'n ingrypende gebeurtenis, dooplidmate word mondige lidmate van die kerk. Baie van julle het al belydenis van geloof afgelê of wil dit graag doen…dalk nog hierdie jaar! Maar wat is belydenis doen?

"Dieselfde sê as" is die letterlike betekenis van 'n woord wat vir bely gebruik kan word. Jy beaam wat God toegesê het. Die formulier vir die openbare geloofsbelydenis vat dit alles saam in vyf vrae, waarop "ja" geantwoord word.

- Geloof in die enige ware drie-enige God
- Aanneming van God se verbondsbelofte, soos by die doop gegee
- Instemming met die leer van die Bybel, soos wat die kerk dit leer
- Die begeerte om van harte te leef volgens God se Woord
- Aanvaarding van die kerklike tug, indien nodig

Wanneer doen jy openbare belydenis? Op jou 18e? In jou matriek jaar? Of doen jy dit maar net as jou vriende of leeftydsgenote dit ook doen? Oor die algemeen geld: jy lê belydenis van geloof af wanneer jy reg is daarvoor. Jy moet ryp wees daarvoor.

Onderwys en vorming

Daar is dus 'n tydperk van onderrig aan die aflegging van geloofsbelydenis vooraf. Daar is drie soorte onderwys: huislike kategese, kerklike kategese en onderwys op skool.

Die huislike kategese

Die gesin is die middelpunt van opvoeding en vorming van kinders. Die doopbelofte verplig die ouers om in die eerste plek self die kinders te onderrig. Die kinders moet leer om vertroulik met God om te gaan. Die Bybel leer dit:

Deut 6:4-9
ons moet die kinders voortdurend inskerp om God lief te hê.

Ps 78:1-8
geslag op geslag moet God se dade leer ken

Ef 6:1-4
kinders moet leer om hul ouers te gehoorsaam; ouers moet hul kinders opvoed en lei, sonder om hulle verbitterd te maak

Spr 4:1
opvoeding lei tot insig

Spr 12:1
dis dom om opvoeding af te wys

Die kerklike kategese

Die kerklike onderwys is die eerste hulpmiddel by opvoeding en vorming waarby die Heidelbergse kategismus die leidraad is. Die dominee leer wat dit beteken om God lief te hê en met jou hele lewe te dien. Ons moet leer om onsself oor te gee aan die Here. Die Gees werk geloof en vertroue deur daardie verbond van die HERE te leer ken uit sy Woord. So kom ons tot belydenis van geloof omdat ons weet wat die geloof beteken.

Onderwys op skool

Ook christelike onderwys werk daarin om kinders so te vorm dat hulle God wil dien in hul lewe waar hul ook al is.

Die doop en belydenis

By ons doop het die Here 'n verbond van genade met ons opgerig. As kinders en erfgename het ons deel aan die verbond en word ons ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die verbond geroep. Daarom moet verbondskinders, wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik bely, voor God en Sy gemeente. Om belydenis te doen is dus om antwoord te gee op jou doop. Daar is dus 'n duidelike verbintenis tussen geloofsbelydenis en doop, maar daar is ook 'n duidelike verbintenis met die nagmaal…

Die nagmaal en belydenis

Hoekom mag jong kinders nie deelneem nie? Die hele gesin het mos deel gehad aan die Pasga en die nagmaal het mos daarvoor in die plek gekom? Dit is waar, kinders het saam geëet aan die paasmaaltyd. Ook was die paasmaaltyd net soos die nagmaal 'n verbondsmaaltyd. Christus het tydens die paasmaaltyd die nagmaal ingestel as 'n vervulling van die Pasga. Christus het 'n nuwe en diepere betekenis daaraan gegee: "doen dit tot my gedagtenis". Jy moet Christus se werk en die agtergrond daarvan kan oorsien en wil glo. Klein kinders kan dit nog nie. Hulle het nog onderrig daaromtrent nodig.

Die doop en nagmaal…twee sakramente van die een verbond. Gedoopte kinders mag dan mos nie weggehou word van die nagmaal nie? Die doop lyf ons in by die gemeente van Christus en

die nagmaal voed en onderhou ons lewe met God. Dit is egter nodig dat ons eers ons in geloof aan God toevertrou. In die nagmaal gee ons antwoord op God se beloftes en ons sal daardie beloftes dus eers goed moet ken.

Die nagmaal leer kinders wat God beloof, dus is dit nie 'n gegronde rede om hulle ook aan die nagmaal te laat deelneem nie? Die nagmaal leer ons inderdaad iets maar dit is om ons in ons geloof te versterk. Die kinders volg eers katkisasie-onderwys en daarna laat hulle as belydende lede hul geloof voed deur dit wat die nagmaal aan hulle laat sien en meemaak. Dooplidmate behoort daar te wees as nagmaal gevier word. Om te sien hoe nagmaal gevier word is 'n wesenlike deel van die kategese.

Die aflegging van geloofsbelydenis gee toegang tot die viering van die nagmaal. Om belydenis van geloof af te lê beteken die einde van die katkisasietyd, maar dit is ook die begin van 'n nuwe lewensperiode: om die nagmaal (saam) te vier!

Bly groei in geloof!

Geloof wat bely is moet ook verder groei. Die Heilige Gees werk en versterk die geloof en om getrou kerk toe te gaan, te bid en Bybel te lees is 'n eerste vereiste. Dit beloof 'n mens ook as jy belydenis doen. Jou persoonlike omgang met die Here en sy Woord staan altyd voorop. Ook het jy verantwoordelikheid vir elkeen in die gemeente. Ons behoort op mekaar toe te sien en te bemoedig. Moenie aan God se beloftes twyfel nie. Dit ondermyn jou eie geloof. Bly pleit op God se beloftes!

Bron: Katkisasie aantekeninge, *'Die pad na mondigheid: Die openbare geloofsbelydenis.'*

Voel jy ook so?

Fundamentalis?

Albert Drijfhout

Fundamentalisme – 'n woord wat baie in die laaste paar jare gehoor is. Die media het dit oorvloedig gebruik in verband met verskeie religieuse groepe. Die Taliban in Afghanistan, 1990, is maar een van die wat gereeld in verband met fundamentalisme in die nuus verskyn het. Die aanval van Islamitiese ekstremiste op die Wêreld handelsentrum en die Pentagon het veroorsaak dat die woord fundamentalisme weer orals in die media verskyn het. Maar wat is fundamentalisme regtig? Daar is baie verskillende menings oor wat 'n fundamentalis en fundamentalisme is. Die meeste van die definisies wat gegee word vloei voort uit dit wat die media verkoop as fundamentalisme en dit wat sekere fundamentalistiese groepe doen. Hieruit word dan veralgemeen en so word 'n definisie vir fundamentalisme gevorm. Meestal is die veralgemening egter nie geldig nie en word fundamentaliste verkeerdelik geïdentifiseer as byvoorbeeld geweldadige selfmoord bom-aanvallers. Dit is vanselfsprekend dat so 'n definisie nie geregverdig kan word nie. Dit is dus nodig dat ons eers 'n geldige definisie kry vir fundamentalisme voor ons verder daaroor kan besin.

Definisie

Kom ons kyk eers na die verskillende menings wat daar bestaan oor wat fundamentalisme is. Die eerste gedagte wat by ons opkom as ons die woord fundamentalisme hoor, is seker fanatiese selfmoord-aanvallers. Dit is te verstane in die lig van wat in die afgelope paar jaar gebeur het. Vir baie mense is 'n fundamentalis sinoniem met

fanatiese terroriste wat eis dat die landswette gebaseer word op hul religieuse wette. Daarom word fundamentalisme baie keer in verband gebring met politieke kwessies.

Tweedens word fundamentalisme geklassifiseer as 'n teenreaksie teen die modernisme. Fundamentaliste word dan gedefinieer as konserwatiewe religieuse groepe wat stry teen enige veranderinge in die samelewing. In vandag se konteks is die stryd dan meestal in verband met sake soos aborsie, vroueregte, ensomeer.

Derdens word fundamentaliste ook gesien as mense wat vasklou aan sekere religieuse oortuigings en daarom nie wil saamgaan met die modernisme nie. Anders as in die vorige geval trek die mense hulle terug uit die samelewing en vorm 'n hegte gemeenskap wat heeltemal los van die res van die samelewing funksioneer.

Laastens word fundamentaliste ook gedefinieer as mense wat die res van die samelewing wil "bekeer". Dit sluit meestal Charismatiese bewegings in wat gelei word deur 'n charismatiese leier. Dit gaan nie gepaard met geweld nie, maar eerder met massa aksies wat daarop gemik is om groot groepe mense te "bekeer".

Ons sien dus dat daar baie uiteenlopende menings is oor wat fundamentalisme is. As daar egter noukeurig gekyk word na al die "definisies" van fundamentalisme sal gesien word dat dit eintlik net die klassifisering is van sekere tipes fundamentalistiese bewegings. Soos reeds gesê is, word daar dan veralgemeen en gesê dat alle fundamentaliste sus en so is. Dit is daarom vanselfsprekend dat nie een van die bogenoemde as 'n geldige algemene definisie van fundamentalisme kan dien nie. Dit definieer maar net die eienskappe wat by sekere fundamentalistiese bewegings waargeneem kan word. Die Handboek vir die Afrikaanse Taal gee miskien die beste definisie vir fundamentalisme nl. " 'n Strenge handhawing van wat as fundamenteel beskou word". Indien die definisie toegepas word op die verskeie religieuse groepe word die eersgenoemde definisies vir fundamentalisme verkry. Indien byvoorbeeld 'n sekere groep mense dit as hul fundamentele taak sien om die wêreld te bekeer, word die laaste definisie verkry. In die res van die artikel gaan die HAT definisie gebruik word as die ware definisie vir fundamentalisme.

Waar laat dit ons?

Waar laat die definisie ons? Wat is ons? Fundamentaliste? Laat ons bietjie terug gaan na die 16de eeu en die stryd met die Roomse kerk.

In die Roomse kerk word geglo dat jy self 'n deel van jou verlossing moet bewerk. Christus se werk op aarde is dus nie voldoende vir ons verlossing nie. Daarom is daar stelsels soos die koop van aflate ensovoorts in die Roomse kerk gevind. Aan die ander kant glo 'n Gereformeerde dat Christus volledig vir al ons sondes betaal het aan die kruis. Ons dra dus self niks by tot ons verlossing nie en ontvang alles net uit genade. Daar kan gevra word wie is nou die fundamentaliste hier? In baie artikels word beide die Roomse en die Gereformeerde kerke fundamentalisties genoem. Maar is beide regtig fundamentalisties?

Kom ons kyk eers na die Roomse kerk. In die Roomse kerk bepaal die pous wat fundamenteel is (hy is bo die Bybel gestel volgens hulle). Sondige mense is egter baie wisselvallig. Die pous is ook 'n sondige mens met die gevolg dat die fondament van die Roomse kerk nogal gereeld verander. Kan dit dan nog na regte 'n fondament genoem word? Waar het jy al ooit van 'n fondament gehoor wat gedurig verander? Dit is vir almal logies dat 'n huis wat op 'n fondament gebou is wat die heeltyd verander gedoem is om in te stort! Die Roomse kerk kan dus nie na regte fundamentalisties genoem word nie.

Maarten Luther het egter besef dat die Bybel, die absolute Woord van God, die enigste ware fondament is waarop gebou kan word met die sekerheid dat dit nie sal instort nie. Dit het daartoe gelei dat hy op 31 Oktober 1517 die 95-stellinge op die deur van die slotkerk te Wittenberg gespyker het. Ons het hier een van die duidelikste voorbeelde van fundamentalisme uit die kerkgeskiedenis.

As ons nou weer vra waar ons staan in die hele kwessie is dit dus duidelik dat ons fundamentaliste is! Ons is gebou op die enigste ware fondament naamlik Christus. In 1 Kor. 3:11 staan immers "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Christus". Ons sien dus dat Christene die enigste ware fundamentaliste is. Ons hoef dus nie dít te vrees wat die media so graag fundamentalisme noem nie, want dit is sonder fondament en is dus gedoem tot instorting. God sê immers in Mat. 7:26, 27

"En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot."

Die internet: vriend of vyand?

Jako Lubbinge

Die Internet is 'n neutrale medium op sigself. Net soos ander kommunikasie middele (TV, video, radio, boeke, ens) het dit geen morele waarde op sy eie nie. Die internet kan vir sleg en goed gebruik word. In 'n wêreld wat in sonde geval het, waar maklik geld gemaak kan word deur mense uit te buit, moet ons verwag dat die internet ook vir slegte doeleindes gebruik sal word.

Wat is die internet?

Die internet is 'n wêreldwye versameling van rekenaarnetwerke wat in samewerking met mekaar is om data uit te ruil. Deur middel van satelliet of telefoonlyne kan gebruikers data van allerhande vorms met mekaar deel. Die ontwerp van die internet stel 'n mens in staat om:

- maklik deur 'n persoonlike rekenaar en telefoonlyn te verbind
- E-posse met vriende en familie te deel
- inligting soos musiek, foto's, video's ens. maklik te bekom.

Die Internet word deur niemand besit nie daarom is daar ook niemand wat kan kontroleer wat daarop plaasvind nie.

Ontstaan van die Internet

Die Internet bestaan al vir ongeveer 25 jaar. Dit is gestig deur die V.S.A se verdedigingsdepartement om 'n rekenaar netwerk te stig wat sal bly funksioneer al word 'n deel daarvan deur 'n atoombom of natuurramp vernietig. Die netwerk is hoofsaaklik gebruik deur akademiese instansies, wetenskaplikes en regerings vir navorsing en kommunikasie.

Die aard van die Internet het skielik verander in 1992 toe dit oop gestel is vir kommersiële en publieke persone. Die verandering in fokus het 'n skielike groei teweeg gebring. Vanaf 2000 tot 2005 het die Internet verbruik in Afrika met 260% toegeneem.

Hoe soek ek inligting?

Deur van 'n spesifieke webwerf adres gebruik te maak indien jy dit weet, anders kan jy gebruik maak van 'n soek program soos bv. "google" of "yahoo". Deur eenvoudig 'n paar sleutelwoorde in te tik wat te doen het met die onderwerp waarvoor jy soek, kan jy vinnig sommer baie webwerf adresse kry wat inligting kan bevat. Daar is gewoonlik 'n paar duisend adresse waaruit gekies kan word. In my soektog na die gevare van die Internet het ek die woorde "danger internet" gebruik wat my 4 510 000 "hits" gegee het.

Nadele en gevare

Sex is the #1 searched topic on the Internet. (Dr. Robert Weiss, Sexual Recovery Institute, Washington Times 1/26/2000)

60% of all web-site visits are sexual in nature. (MSNBC/Standford/Duquesne Study, Washington Times, 1/26/2000)

N2H2's database contained 14 million identified pages of pornography in 1998, so the growth to 260 million represents an almost 20-fold increase in just five years (N2H2, 9/23/03).

Uit die bostaande aanhalings kan gesien word dat daar beslis groot gevare op die Internet is. Dit kan nie net slegs 'n struikelblok wees vir baie mense nie maar dit kan 'n verslawing word wat hul al hoe verder van God af trek. Ander nadele is virusse en ander programme wat jou rekenaar kan aanval. Dan is daar nog gemorspos, mense wat sogenaamd goed verkoop en dan met jou geld verdwyn.

Voordele

Daar is beslis tog baie voordele aan die Internet verbonde. Afgesien van al die nadele kan die Internet 'n groot hulpmiddel wees waar enigiets onder die son gesoek kan word. Die Internet word ook deur ons kerke en menige ander organisasies gebruik om preke en Bybelverklarings te versprei.

Hoe gebruik ek die internet as christen?

As christen moet ek altyd alles tot eer van God doen. Daarom moet ons ook na ons tydsbesteding kyk. Die Internet kan baie van 'n mens se tyd neem, daarom moet ons nie sommer net doelloos op die Internet rondspeel nie. Die kans is ook groter om in versoeking te kom om verkeerde webwerwe te besoek as jy net doelloos rondspeel. Die internet is 'n hulpmiddel wat ook daar geplaas is om ons te help, maar dan moet ons dit ook

verantwoordelik en tot eer van God gebruik. As 'n voorsorgmaatreël dat jy nie na verkeerde webwerwe kan gaan nie kan jy jou Internet verskaffer vra om jou e-mail en die webbladsye wat jy wil besoek te filter van ongewenste materiaal. Nog 'n manier om jouself teen verleidings te beskerm is deur sagteware te installeer wat die Internet adresse wat jy besoek het bekend te maak aan 'n vriend (en hy sy adresse ook aan jou). So kan ons mekaar help om nie in sonde te val nie. Wees altyd op jou hoede en gereed om die Satan se aanslae te weerstaan, want waar hy kan sal hy probeer om God se kinders te laat sondig en so afvallig van God te maak.

1 Kor 6:20 : Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort

1 Kor 6:12 : Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie.

Ons hele lewe moet tot eer van God wees, dus moet ons ons ook afvra of ons gebruik van die Internet tot Sy eer is. Ons moet dus altyd die vraag vir ons self vra of dit wat ek doen, voor God geregverdig kan word. Ons behoort nie aan onsself nie, daarom is ons nie vry om te doen wat ons wil nie en mag ons ons ook nie deur iets laat oorheers nie.

Bronne: www.protectkids.com
e-sword

Voetspore

Hallo knapies en nooiens van die VGK!
Die Afrikaanse Jeugsangbundel Van Ligte Liedere Vir Tye Om Die Kampvuur, kortweg die AJVLLVTODK – wat onder die redaksie van die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (ATKV) staan – het op bladsy 53 van die negentiende druk die volgende lied: "Dis heerlike lente, die winter's verby, weer vrolik die velde vir jou en vir my". En dan volg die ewe poëtiese as onverstaanbare terminologie: Ohladrioooooe-oe-ha, Ohladrioooooo". Laat 'n mens weer dink oor die lewe.

Die opsomming van hierdie paragraaf is 'n logiese een: dis lente. Meestal – en die geskiedenis bewys dit – word 1 September, en so nie, 2 of 3 September, as almal eufories ontwaak oor die feit dat dit lente is, 'n dag van die bitterste koue, die ergste haelstorms en selfs – ja, u sal dit nie glo nie – sneeu. Hierdie jaar was dit geheel en al anders. 1 September was snikheet. Niks het nog verander nie.

Ronald ook. Terwyl hy in sy truck ry, sit hy en dink aan sy familie wat nou na 'n kort tyd van hereniging weer kilometers ver van mekaar was. Martin was naamlik hier, en nou weer weg. Studente Vereniging frontman, Rinus, is ook daarmee heen. Sommige VGK'ers weet nie wie nou die leemte sal vul wat Rinus agterlaat. Want niemand – nee, niemand – sal dit regkry om in Rinus-style oor letterlik elke onderwerp waaraan jy kan dink, van Sint Bernard honde tot gevleuelde bosvarings, "'n keer op die internet te gelees het" nie.

'n Ander bekende was vir 'n tyd terug, maar hierdie keer sonder 'n snor. Sy naam is Floris Jelte Visser, dit is nou die broer van Hendrik Jan Jarig. Nadat hy sy hele vakansie gevul het met rondry in Riaan se blou VW Polo (met sentrale sluitstelsel en kragstuur), 'n tydjie met Ewart in die Kaap was, en almal sulke dinge, is hy ook weer terug na sy woonplek, in (o nee, OP) die vlaktes van Urk, waar hy droom daarvan om die nuwe Rupert Murdoch te word, maar dan in die vis industrie.

Moet ook absoluut nie vergeet van die trouerye nie. Joe en Jo-Ellen, kortweg Big and Small Joe, het getrou, en ook Oros en Laurike, ook soms genoem Richard en Laurike. Baie geluk!

Die Studentevereniging het weereens 'n lesing met trots aangebied, maar was minder trots oor die ongelooflike hoeveelheid mense wat die lesing bygewoon het. Die lesing was nog steeds baie goed (dit is aangebied deur Anne "mense, face it, it's just not gonna happen" Groenwold, en het gegaan oor die filosofie agter tegnologie). Nadat daar vir meer as drie ure gepraat is oor die ongelooflike dinge wat al ontwerp en uitgedink is, het Anne die rake opsomming gegee, naamlik: "dis net my siening, mense, just my viewpoint, take it or leave it, en moenie dit vir die dominee sê nie". As die dominee nou

nog Voetspoor lees, dan wonder hy nou seker wat alles gesê is op dié warm somersaand, maar al wat ek daarop kan sê is: "ek sê nie dis waar nie, maar julle is mos studente, mense, so think about it." (Groenwold 2005).

Met hierdie wyse woorde, take it or leave it, gaan ek gaan.

Totsiens
Voetspoor

Deur die sleutelgat

Halo, halo, halo.....hihihihihi.... (alle regte voorbehou aan die kouse van Wielie-Walie)

Geen rus vir die hardwerkendes. Klasse en werk is in volle swang en dis 'n sombere geleentheid. Veral vir Frans wat in sy glinsterende, hipermoderne, teer verskeurende nuwe Golf die vakansie gerieflik kon deur rits na Kaapstad met die afwesigheid van drukke verkeer. GG for the Hex. Andere is weer bly dat alles op dreef kom. Lizette se eerste week was verrykend meld sy. Veral nou dat sy sewende laan hier begin volg het! Dink net aan die miljoene rande wat die reeks ons land inbring met eks-Afrikaners in Holland en Londen en Australië wat al die DVD stelle koop. Grappie. Alhoewel sulke snaakse gebeurtenisse nie regtig so vergesog is nie. In die Vrystaat verkoop Hansie Cronje se biografie beter as Harry Potter! Aaldert is 'n welkome addisie tot ons jeug en hy en Lizette het natuurlik die wondere gaan besigtig wat Leeukop insluit.

'n Witwarm snaarplukkende bende het sy verskyning gemaak op die wêreld musiek mark. Vergeet van Seether, Tweak en Disselblom ek stel aan u bekend: Maarten Moes. Nee, nie Martin Mans nie. Nie naastenby nie. Die maestro's oefen al lank om hulle klanke te vervolmaak en hulle kan kitare deur hoepels laat spring! Binnekort 'n vertoning naby u geborg deur Big Concerts en die 'top drop' VB. Oudisies huidiglik aan die gang om 'n sanger te vind nadat Annelie van Rooyen haar stem kwyt is nadat sy tennis gespeel het. Sy is vir twee weke uit en sal baie punte verloor as Alf(onso) oorneem en die punte inryg.

Daar was 'n week van vakansie vir die intellektueles, menende die universitiet studente. Ap en Johann (dié Johan) het maar min geesgenote gevind wat die pad wou aandurf na die blommevelde van die Weskus Natuurreservaat waar die koel windjie jou wange streel en die reuk van die see en blomme jou begroet. Met pragtige musiek onderweg in die vorm van Bach (snaaksgenoeg) en ongelooflike verrykende geselskap was dit gewis verbasend dat net twee persone hulle wou vergesel. Die blomme was ongelooflik met al die reëns van die afgelope tyd en daar was vir ure 'n gemoedelike meningsverskil oor Daisies en Madeliefies. Voëlskuilings het ook vele pret verskaf. Aai, was ek maar net daar!

Daar is van ons wat ons beroem daarop dat ons die klavier kan bespeel. As ek weer een van julle teë kom sal ek jul ronduit in die gesig uitlag. Na 'n asembenemende tentoonstelling van die puikste klavier stukke deur Carike by die finale van een of ander nasionale kompetisie was ek in ekstase. Die getal van haar ondersteuners was ontelbaar, die hele saal het bykans vol gesit van hulle. Nou mag mens jou afvra wat die ander deelnemers daar maak aangesien sowat die hele bevolking al klaar hulle mening op gemaak het voor daar nog 'n noot gespeel is. Ek het geen benul nie. Maar die beoordelaars was soos weervoorspellers en het die pot mis gesit. Ons haal ons hoed af vir maestro Carike, ons het dit baie geniet!

'n Kort vermelding van twee sint Bernard's wat maar kort hier was. 'n Aanhaling uit die FnT (Finansies en Tegniek, vir die leke) sal voldoen om die besoek op te som. "Afwesigheid sal die broederliefde nie in die minste kwes nie, soos die son na 'n lang winter so verfrissend is die herontmoeting..." A. Spatzki (FnT September 1974). Ons alom geliefde suster L. Eefting word terug verwelkom in ons midde. Na 'n tyd van 'n jaar waar sy die melk en heuning van Nederland geproe het, het sy terug gekeer na haar vaderland. Welkom Lieneke, ons is bly om 'n suster van u statuur terug te verwelkom!

Soos die befaamde Rieksie Rautenbach eens gesê het: "Tot hier toe en nie verder nie!" gevolg deur 'n oorverdowerende eggo waar sy in vertraagde tempo haar opponent neervel met 'n gedugte linker vuishou. Sterkte vir die eksamens matrieks en almal wat toetse skryf. Mag julle rustig en met vertroue skryf.

Ad fundum!

Nog iets

The Emperor's seed

An emperor in the Far East was growing old and knew it was time to choose his successor. Instead of choosing one of his assistants or his children, he decided something different. He called young people in the kingdom together and said, "It is time for me to step down and choose the next emperor. I have decided to choose one of you."

The kids were shocked! But the emperor continued. "I am going to give each one of you a seed today, one very special seed. I want you to plant the seed, water it and come back here one year from today with what you have grown from this one seed. I will then judge the plants that you bring, and I will then choose the next emperor!"

One boy named Ling was there that day and he, like the others, received a seed. He went home and excitedly told his mother the story. She helped him get a pot and planting soil, and he planted the seed and watered it carefully. Every day he would water it and watch to see if it had grown.

After about three weeks, some of the other youths began to talk about their seeds and the plants that were beginning to grow. Ling kept checking his seed, but nothing ever grew. Three weeks, 4 weeks, 5 weeks went by. Still nothing.

By now, others were talking about their plants but Ling didn't have a plant, and he felt like a failure.

Six months went by; still nothing in Ling's pot. He just knew he had killed his seed. Everyone else had trees and tall plants, but he had nothing. Ling didn't say anything to his friends, however. He just kept waiting for his seed to grow.

A year finally went by and all the youths of the kingdom brought their plant to the emperor for inspection. Ling told his mother that he wasn't going to take an empty pot but his Mother said he must be honest about what happened. Ling felt sick to his stomach, but he knew his Mother was right. He took his empty pot to the palace.

When Ling arrived, he was amazed at the variety of plants grown by the other youths. They were beautiful - in all shapes and sizes. Ling put his empty pot on the floor and many of the other kids laughed at him. A few felt sorry for him and just said, "Hey, nice try."

When the emperor arrived, he surveyed the room and greeted the young people. Ling just tried to hide in the back. "My, what great plants, trees and flowers you have grown," said the emperor. "Today, one of you will be appointed the next emperor!"

All of a sudden, the emperor spotted Ling at the back of the room with his empty pot. He ordered his guards to bring him to the front. Ling was terrified. "The emperor knows I'm a failure! Maybe he will have me killed," he thought. When Ling got to the front, the Emperor asked his name. "My name his Ling," he replied.

All the kids were laughing and making fun of him.

The emperor asked everyone to be quiet. He looked at Ling, and then announced to the crowd, "Behold your new emperor! His name is Ling!"

Ling couldn't believe it. Ling couldn't even grow his seed. How could he be the new emperor?

Then the emperor said, "One year ago today, I gave everyone here a seed. I told you to take the seed, plant it, water it, and bring it back to me today. But I gave you all boiled seeds, which would not grow. All of you except Ling, have brought me trees and plants and flowers. When you found that the seed would not grow, you substituted another seed for the one I gave you. Ling was the only one with the courage and honesty to bring me a pot with my seed in it. Therefore, he is the one who will be the new emperor!"

If you plant dishonesty, You will reap distrust.
If you plant selfishness, You will reap loneliness.
If you plant pride, You will reap destruction.
If you plant envy, You will reap trouble.
If you plant laziness, You will reap stagnation.
If you plant bitterness, You will reap isolation.
If you plant greed, You will reap loss.
If you plant gossip, You will reap enemies.
If you plant worries, You will reap wrinkles.
If you plant sin, You will reap guilt.

If you plant honest, You will reap trust.
If you plant goodness, You will reap friends.
If you plant humility, You will reap greatness.
If you plant perseverance, You will reap victory.
If you plant consideration, You will reap harmony.
If you plant hard work, You will reap success.
If you plant forgiveness, You will reap reconciliation.
If you plant openness, You will reap intimacy.
If you plant patience, You will reap improvements.
If you plant faith, You will reap miracles.

So be careful what you plant now,
it will determine what you will reap tomorrow.

Uit: Joy Mei 2003

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

16 Oktober 2005

Verjaarsdae

Bethal

Marizelle Bisset	8-Oct
Le Roï Nienaber	30-Oct
Germari Nel	2-Nov
Nicky Grobler	2-Nov
Riaan Porter	7-Nov

Johannesburg

Celeste Boessenkool	11-Oct
Teo Boessenkool	13-Oct
Reinier de Haan	12-Nov
Wouter Boessenkool	26-Nov

Kaapstad

Jan Geerts	12-Oct
Annamarie Eefting	13-Oct
Marinus Boon	15-Oct
Clarisse du Plessis	17-Oct
Adrian v/d Berg	24-Oct
Marthie Breytenbach	3-Nov
Henriëtte Geleijnse	6-Nov
Christiaan Luijk	7-Nov
Rickert Mulder	8-Nov
Herold Lotz	12-Nov
Johan Bijker	15-Nov
Bianca Nicholson	21-Nov

Maranata

Adriaan Aartsma	5-Oct
Janneke van der Hout	14-Oct
Johan de Vente	16-Oct
Cora Visser	16-Nov
Sietse vd Meulen	24-Nov

Pretoria

Rinus Kamphuis	5-Oct
Erik Bosker	9-Oct
Roelof Middeljans	27-Oct
Ronald Kamphuis	27-Oct
Arjan Bijker	28-Oct
Renier van der Poel	15-Nov